**19 Oktober**
**Skrifgedeelte: Jesaja 55:1-6**
**Fokusgedeelte: Jesaja 55:1**

## Vrye genade

Die waterdraers van Jesaja se tyd het uitgeroep: “Kom, almal wat dors is... kom koop water!” Jesaja trek aandag deur ‘n nuwe bewoording, naamlik: “Kom, koop sonder om te betaal …” Hy gaan selfs nog ‘n stap verder en voeg by: “wyn en melk”.

Almal is van water afhanklik om te lewe, maar slegs ryk mense het melk gehad, want melk was skaars in daardie dae. Jesaja praat hier van die genade van die Here. Die water is beeld van die algemene genade waardeur God álmal hier en nou versorg, ook die heiden. Die melk verwys na die besondere genade wat aan jou die ewige lewe besorg het. Net soos melk in daardie dae skaars was, ontvang nie almal hierdie besondere genade nie, maar net die ryk mense – die wat ryk in God is.

Het jy al die uitdrukking gehoor: “God se genade is goedkoop”? Jesaja trek ‘n streep deur daardie stelling. Hy praat nie van *goedkoop* nie, maar van *verniet*. God se genade is nie goedkoop nie. Jesus het met sy lewe die genade van God gekoop, en daar is geen prys hoër as dit nie. Hy gee dit verniet aan wie Hy wil. Vers 2 sê: “Waarom betaal... waarom werk...?” Deur goeie werke of deur te betaal kan ‘n mens God se genade nie verdien nie.

Wanneer jy besef dat God sy genade verniet aan jou gee, moet jy in verantwoordelikheid dankbaarheid betoon. In vers 6 moedig Jesaja ons aan: “Vra na die wil van die Here” én “roep Hom aan” – dit wil sê ondersoek die Skrif én bid! Om so met Skriflesing en gebed te leef, getuig van ‘n dankbaarheidslewe.

*Sing: Psalm 116:7 Ds T Krüger (Newcastle)*